







RETOER: PRETORIA – PROVENCE

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE
VAN 'N SKRYWENDE MA

MARITA VAN DER VYVER



© Teks: Marita van der Vyver
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 13.3 pt Garamond
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Marietjie van Rooyen
Omslagontwerp: Letitia Lerm
Gedruk en gebind deur Creda Communications

Eerste uitgawe 2018

ISBN 978-0-7993-8479-6 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-8473-4 (ePub)
ISBN 978-0-7993-8474-1 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.



Inhoud

Voorwoord	7
Die blou van onthou	11
Boer in Beton	13
Die coolste ouma op aarde	16
My eerste juffrou	18
Die kind wat ek was	20
En dan gebeur die lewe met jou	22
Stellenbosch is nie 'n idee nie	25
Die troos van 'n tiekieboks	28
Vergenoeg	31
Platteland bly platteland	33
Kan nie kla nie, dankie	37
Onder die opstandige Franse	39
Grade van gebrek	42
Verseker dit, vir seker	44
Ek is ook Charlie	46
Die dinge van 'n kind	49
Dit sal ook verbygaan	51
Sommige van my beste vriende eet nie vleis nie	53
Met dapper en stapper	55
Om anders te wees	57
Brief aan 'n prinses	59
Bestemmings	61
'n Fees op wiele	63
Van vergenoeg na somersverdriet	71
Die Groot Rit	73
Dis die reis wat saak maak	75
As jy eintlik nie van kampeer hou nie	77



Stiltetyd	79
Vrydag die dertiende	81
Oud maar nog nie koud	85
'n Oneindig rekbare orgaan	87
Die bobbejaan agter die bult	89
Die hart van ons huis	91
Goeters wat uit die grond groei	93
Die vreugde van vensters	95
Van krisis na krisis	97
Wat ons nodig het	99
Fiets en voorbeeldig	101
Dis koue kos, skat	103
Wat eet ons vanaand?	105
Kosboek skryf is 'n spansport	107
Om Provence te proe	110
Oor koue kos en warm fliëks	112
'n Slapende, etende skrywer	114
Spyse vir die siel	116
Van taalreëls to tafelgenot	118
Wegkomkans	123
Herfsliefde	125
Om ligter te reis	128
Soms is die bestemming die belangrikste	130
Al wat ek weet	135
Alles val uitmekaar ...	137
Om op 'n tafel te dans	139
'n Krok op krukke	142
Die amptelike Internasionale Dag van Geluk	144
Hoe om jouself te bederf	147
Salig en selfsugtig op my eie	150
Ek ook – en jy?	152
Wat wou jy hê?	157



Voorwoord

SOMS VOEL EK RYK

Ek het altyd gesê, nie heeltemal spottend nie, dat ek vreeslik oud sal moet word voordat ek eendag my memoires aandurf. Daar is net te veel mense wat eers moet doodgaan, van nare onderwysers tot formidabele familielede, voordat ek werklik eerlik oor hulle kan skryf.

En nou is ek eensklaps ‘vreeslik oud’ – of dis altans hoe die ses-tienjarige meisiekind wat ek lank gelede was, my huidige beleë toestand sou beskryf het. Daarvan is ek doodseker. Ek het onlangs weer daardie tiener se dagboek in dromerige trant gelees, en besef sy sou haar kop in stomme ongeloof geskud het as sy my nou moes sien.

‘Hoe op aarde het dít gebeur?’ sou sy my vra. ‘Hoe het ek en jy saam tot hier gekom?’

Dis die soort vrae wat tot dié boek gelei het. Ek beskou dit beslis nie as ’n amptelike outobiografie nie – daarvoor voel ek steeds te jonk! – maar dis dalk tyd dat ek my litte begin losmaak vir so ’n taak. Eendag. Kom ons sê maar die rubrieke en essays en herinneringe, wat meestal die afgelope paar jaar in tydskrifte of koerante of op die internet verskyn het, is vingeroefeninge vir die ‘regte memoires’ wat ek nog eendag wil skryf.

Hoewel ek ook nie meer so seker is of dit ’n goeie plan is nie. Wanneer fiksieskrywers ’n outobiografie skryf, word daar soms meer gelieg as wanneer hulle ’n roman skryf. Dis nie doelbewuste bedrog nie, bloot ’n beroepsrisiko – as jy heeldag en aldag jou verbeelding moet gebruik om die pot aan die kook te hou, kan dit moeilik wees om daarmee op te hou en jou tot die vervelige waarheid te beperk.



Maar ek het ook geleer dat die ware lewe dikwels veel vreemder kan wees as enigiets wat selfs 'n verbeeldingryke romanskrywer kan uitdink. Daar het al dinge in my eie lewe gebeur, gruwels en wonderwerke, wat ek sou huiwer om in 'n roman te beskryf. Ek sien al hoe sit en skud 'n suur resesent sy kop oor so 'n ongeloofwaardige storie ...

En baie briewe wat ek deur die jare ontvang het van mense wat wil hê ek moet hulle storie vir die wêreld vertel, bevestig bloot die vreemdheid van die werklikheid. Die stories van sommige van ons is meer melodramaties as 'n Italiaanse opera. Meer hartverskeurend as een van Dickens se ergste tranetrekkers. Meer bisar, meer eienaardig, selfs meer ongeloofwaardig, as sommige van Harry Potter se avonture.

In 'n stadium, nadat my eerste huwelik uitmekaar gespat het en my eerste kind na maande in 'n hospitaal gesterf het en my ma kanker gekry het en my gewese man in 'n psigiatriese inrigting beland het, het my ma haar kop verslae geskud en geprewel: 'Siestog, my kind, jou lewe klink al hoe meer soos 'n episode uit *Dallas* ...'

Dit was dalk net wat ek nodig gehad het om te besluit: Nee, my lewe gaan nie in *Dallas* verander nie, ek gaan nie bly lê en jammer voel vir myself nie, ek gaan oorlewe. 'I will survive', soos Gloria Gaynor gesing het in daardie liedjie wat so geliefd geword het onder vele van my gay vriende.

Hoe ouer ek word, hoe meer besef ek dat jy 'n doodgewone saai nege-tot-vyf-lewe kan lei – en nogtans die ongelooflikste avonture kan belewe. Terwyl jy buitengewone boeke lees of vreemde kossoorte kook of na opwindende musiek luister. Solank jy jou verbeelding vrye teuels gee, kan niks jou keer nie.

Deesdae vind my ongelooflikste avonture hoofsaaklik in my skryfwerk plaas, in my kop en in my verbeelding, terwyl ek in my kantoor vol boeke op die Franse platteland sit en stories uit my duim suig.

Ek weet my lewe klink vir baie Suid-Afrikaners begeerlik en eksoties. Dink net aan al die heerlike Franse kos en wyn waaroor

ek so gereeld liries raak. Die uitgerekte etes aan lang tafels onder platane. En dan is daar boonop byna geen misdaad nie! Ek kan snags gaan slaap sonder om my voordeur te sluit! Alles waar, natuurlik. Maar ek moet al hoe harder werk om aan die lewe te bly, want my inkomste is steeds hoofsaaklik in rande – wat al hoe minder werd is wanneer dit oorgeskakel word na die euro's wat ek nodig het om hier te lewe. En ons alledaagse bestaan is lankal nie meer vreesloos in Frankryk nie. Ons is net op ander maniere bang as in Suid-Afrika.

Terreuraanvalle het 'n aaklige werklikheid geword in my aangename land. Soos ek dikwels vir my Suid-Afrikaanse geliefdes probeer verduidelik, hier in Frankryk voel ons veilig in ons eie huise, in ons eie beddens, anders as in Suid-Afrika – maar ons word al hoe banger vir skares en byeenkomste. In Suid-Afrika glo ons nog daar is veiligheid in getalle. Ons word van kleins af geleer om dit snags nie alleen in donker strate te waag nie, of bedags alleen op afgesonderde paadjies te stap nie, of selfs om te afgesonderd of alleen te woon nie. Terwyl ons in Frankryk juis eerder op ons eie wil wees, weg van skares, want al die terreuraanvalle van die afgelope paar jaar was waar klompe mense bymekaar was. In restaurante en konsertsale, in winkels en treine, in besige strate en op pleine, plekke waar ekstremiste bewapen met selfmoordbomme of masjiengewere of messe maklik verwoesting kan saai. En selfs al sou dit moontlik gewees het om al die wapens te konfiskeer, kan enigiemand steeds agter die stuur van 'n voertuig inskuif en doelbewus deur 'n skare ploeg.

Waarmee ek nie wil beweer dat my lewe in Frankryk slegter is as wat dit in Suid-Afrika sou gewees het nie. Dis nie slegter of lekkerder nie, dis net anders. Elke land op aarde het sy heerlikhede en sy aaklighede. Ek het lief geword vir 'n Fransman en vir die land waarin ons ons kinders saam grootgemaak het, maar soms word ek grensloos geïrriteer deur my Franse medeburgers se gewoontes en klagtes. Nes ek altyd sal lief bly vir my geboorteland, maar soms op my tande moet kners oor Suid-Afrikaners se gewoontes en klagtes.

Enigiemand wat al in 'n ander land moes aanpas, sal weet dis nooit maklik nie. As jy boonop 'n vreemde taal moet leer praat, 'n vreemde godsdiens en kultuur en lewenswyse moet leer begryp, kan dit bitter moeilik raak. My seun, Daniel, het my in sy opstandige vroeë tienerjare soms heftig verwyt dat ek hom as kleuter uit Suid-Afrika weggevat het, van alles wat bekend en veilig gevoel het, en hom hier in 'n onbekende land kom neerplak het. Waar hy 'n nuwe taal moes aanleer, sy plek in 'n nuwe gesin moes vind, sy pad deur 'n wildernis van angswekkende nuwe ondervindinge moes oopkap.

Dit het my onbeskryflik skuldig laat voel. My laat twyfel aan alles wat my in Frankryk laat beland het en alles wat ek gehoop het ek en hy saam hier sou kon vind. Jare lank, selfs nadat ek kon sien hy het uitstekend aangepas, het 'n bietjie twyfel steeds in my keel vasgesit. Amper soos die stukkie appel wat die arme Sneeuwitjie halfdood in 'n kis laat beland het.

Tot hierdie einste seunskind, nou 'n lang, bebaarde student in argitektuur aan 'n Franse universiteit, 'n paar jaar gelede vir my kom sê: 'Weet jy, Ma, ek voel half jammer vir my Franse pêlle wat net één taal behoorlik kan praat en net één soort kultuur ken. My Suid-Afrikaanse en Afrikaanse *back story* maak my mos eintlik baie ryker as hulle.'

Dit was die dag toe die twyfel uit my keel verdwyn het, toe ek eindelijk weer heeltemal lewend gevoel het. Ek stem saam met my seun. My Afrikaanse *back story* verryk my lewe elke dag in Frankryk – en my huidige Franse storie laat my ryker voel elke keer wat ek weer in Suid-Afrika kom.


Die woorde wat in dié boek versamel is, is 'n mengsel van daardie *back story* en stories oor nou se dae. Dis soos rotse wat bo die water uitsteek om 'n voetpaadjie oor 'n rivier te vorm, om my terug te lei na wie ek lank gelede was en te kyk na wat ek geword het: 'n Afrikaanse skrywer en ma in Frankryk met 'n verbeeldingslewe wat my soms veel ryker laat voel as wat ek eintlik is.



DIE BLOU VAN ONTHOU







BOER IN BETON

Kyk, ek is 'n meisie van die *suburbs*. Ek het in teerstrate gespeel en blikkieskos geëet en smiddae gesnyde witbrood en Chappies-kougom in die kafee op die hoek gaan koop. Naweke was my klankbaan die gebrul van grassnyers en radio's wat rugby uitsaai, afgewissel met die sedige geroep van kerkklokke op 'n Sondagoggend.

So was dit van my vroegste jare in 'n ou huis met 'n stoep en 'n heining naby die befaamde Voortrekkerweg in Boston tot my laerskooljare in Van der Graaffstraat, Welgemoed, waar ons 'n wilgerboom in die voortuin en 'n lukwartboom in die agterjaart gehad het, tot my tienertyd in 'n splinternuwe siersteenhuis met 'n plat dak – en 'n swembad! – in die oostelike voorstede van Pretoria.

Maar iewers diep in my binneste het daar blykbaar nog altyd 'n boer lê en loer – en vandat ek 'n paar jaar gelede na 'n ou plaashuis op die Franse platteland getrek het, bars hierdie boer heeltemal uit haar nate. Vir die eerste keer in my lewe besit ek 'n lappie grond waarop ek vrugtebome kan plant. Vir die eerste keer kan ek appelterte bak van appels wat ek self uit die boom voor die huis pluk.

Skielik verstaan ek presies wat Alice B. Toklas bedoel wanneer sy skryf: 'The first gathering of salads, radishes and herbs made me feel like a mother about her baby – how could anything so beautiful be mine?' Die vyekonfynt wat ek onlangs gekook het van 'n vrag vye uit die buurvrou se boord, het my sweerlik lekkerder laat kry as die boek wat ek onlangs geskryf het.

Toegegee, ek het al meer boeke geskryf as konfynt gekook in my lewe. Maar daardie konfyntvreugde is 'n suiwerder soort vreugde. Agter daardie vyf fesse glansende persswart soetigheid sweef die skimme van al my konfyntkokende voormoeders. Stoere



boervroue met raakvathande wat trots vir mekaar knik: Ja, hierdie nasaat van die *suburbs* het dit sowaar nog in haar bloed.

Dalk is dit 'n genetiese hunkering na grond waarin ek goed kan laat groei om my geliefdes te voer. Of dalk bloot kleintyd se plaaskuiers wat my vir altyd betower het. Soos vir alle Afrikaanse stadskinders van my geslag, is daar verlore familieplase iewers in die prentjie. Die plase het verdwyn, hoofsaaklik weens die Depressie en wellustigheid (te min grond en te min geld vir hopeloos te veel kinders) of weens droogtes of sprinkaanplae of wat ook al. Maar vir ons stadskinders was hulle so gehul in legendes (en helaas so verlore) soos die antieke Atlantis. Gelukkig is daar darem nog plase oor waar ons kon gaan kuier het – en o, het ons nie gekuier nie!

Op die plaas van my oom met die af-vingers naby Porterville het ons trekker gery en in die donker waenhuis gespeel en hanslammers met melk in bruin bierbottels gevoer. (My oom se verlore vingers, deur 'n monsteragtige landbou-implement verslind, was een van die Atlantis-legendes waarmee ek grootgeword het.) Op 'n grootoom se Vrystaatse plaas het my lewenslange liefdesverhouding met brood begin. Nie die massaproduk in plastieksakkies wat ek in 'n kafee in die *suburbs* kon gaan koop nie. Nee, dit was sulke onegalige hompe wat stomend warm uit die koolstofoond gehaal is en met helder geel plaasbotter besmeer is en gulsig afgesluk is terwyl die geel van die botter nog so wegsmelt in die sponsagte wit binnekant.

Op oom Pietertjie se plaas in die distrik Darling het die plaaskinders my geleer om sleepvoet-kaalvoet oor 'n veld vol duwweltjies te loop – hoewel my hakskene nooit so begeerlik skurf soos hulle s'n geword het nie. In daardie veld het ons ook koekemakrankas gesoek vir die oom se doepa. (Brandewyn met koekemakranka het nie as drank getel nie, dit was medisyne vir grootmense, so is ons geleer.)

Op al hierdie plase het die klaende klank van 'n windpomp in 'n dor landskap deel van die klankbaan van my kleintyd

geword. Soos ook die dubbele klap-klap van 'n sifdeur wat vlieë uit die kombuis moes hou. Wanneer ek vandag aan my kinderdag dink, hoor ek windpompe en sifdeure saam met grassnyers en kerkklokke. Ek sien 'n klomp Chappies op 'n kafeetoonbank lê, toegedraai in vrolike rooi-blou-geel papiertjies met raaisels aan die binnekant, maar ek sien ook Darling se koekemakrankas wat soos seeperdjies in 'n bottel brandewyn dryf.

G'n wonder die lank onderdrukte boer in my beur deesdae boontoe nie. G'n wonder die raakvat-oumas hits my gedurig aan nie. As ek nie 'n stokkie voor hierdie spulletjie steek nie, kry ek binnekort 'n paar hoenders om op die werf te kom skrop.